

**Verslag oor teenwoordigheid van okkultiese simbole in ons volksmonumente.  
Volksvergadering Majuba 5-7 Oktober 2012**

Flip Swanepoel

Geagte Volksgenote

Hiermee doen ek voorlopig verslag m.b.t. Besluit 6 van die Nampo Volksvergadering wat as volg opgeteken is:

Die vergadering besluit dat daar 'n volledige ondersoek geloods word na die rol van geheime organisasies in ons volkslewe asook die bedreiging wat dit vir ons vrywording inhou. Daar moet ook ondersoek ingestel word na die teenwoordigheid van okkultiese simbole in ons volksmonumente, asook in die volkslewe in die algemeen.

Om 'n volledige ondersoek te doen en 'n finale verslag voor te lê is bykans 'n onmoontlike taak, veral gesien in die lig dat dit op eie houtjie gedoen word en dat dit tussen mens se daaglikse take ingepas moet word.

**My verslag handel oor die teenwoordigheid van okkultiese simbole in ons volksmonumente en die invloed van mense wat aan geheime organisasie behoort in die vestiging van sodanige simbole in ons volksmonumente.**

Ten eerstes moet ons kyk na die wat die doel is van monumente binne volksverband. As ons praat van volksverband kan ons dit nie doen sonder om na ons Bybelse verband te verwys nie.

Binne Bybelse verband sien ons dat Israel van tyd tot tyd klipstapelings gedoen het. Jakob het by geleentheid gedroom van die hemelse leer:

**Gen 28:10-22**

10 En Jakob het uit Berséba vertrek en na Haran gegaan.

11 Daarop kom hy by 'n plek waar hy die nag oorgebly het, want die son was al onder. En hy neem een van die klippe van die plek en sit dit onder sy hoof, en hy gaan lê en slaap op dié plek.

12 En hy het gedroom—daar is 'n leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het.

13 En kyk, die HERE het bo-aan gestaan en gesê: Ek is die HERE, die God van jou vader Abraham en die God van Isak. Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee;

14 en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide; en in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word.

15 En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en Ek sal jou terugbring in hierdie land; want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou gesê het.

Gen 28:16 Daarop word Jakob uit sy slaap wakker en sê: Waarlik, die HERE is op hierdie plek, en ék het dit nie geweet nie.

17 En hy het bevrees geword en gesê: Hoe vreeslik is hierdie plek! Dit is hier niks anders as 'n huis van God nie, en dit is hier die poort van die hemel.

18 Toe staan Jakob die môre vroeg op en neem die klip wat hy onder sy hoof gesit het, en rig dit as 'n gedenksteen op; en hy het olie daarvoor uitgegiet.

19 En hy het die plek Bet-el genoem; maar die naam van die stad was tevore Lus.

20 En Jakob het 'n gelofte gedoen en gesê: As God met my sal wees om my te bewaar op hierdie weg wat ek gaan, en

aan my brood sal gee om te eet en klere om aan te trek,

21 en ek behoue na die huis van my vader sal terugkom, dan sal die HERE my God wees.

22 En hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, sal 'n huis van God wees, en van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes afstaan.

Die klip waarop Jakob as sy kopkussing gebruik het, het hy as gedenksteen opgerig. Hierdie gedenksteen is ter herinnering van die gelofte wat hy met JHWH [die HERE] gesluit het toe JHWH aan hom in 'n droom verskyn het en hom belooft dat die land waarop hy geslaap het aan hom en sy nageslag sal behoort. Jakob het die plek 'n naam gegee wat vandag nog staan, Beth-El wat huis van El [God] beteken.

Toe die volk Israel droogvoets deur die Jordaan die Beloofde land in getrek het om dit in besit te neem, soos wat aan Jakob by Beth-El belooft is, moes hulle op JaHWeH se bevel klipstapelings oprig sodat die nageslag daaraan herinner kon hoedat die Jordaan opgedam het en hul kon deurtrek

Die doel van 'n klipstapelings is om die kindskinders te herinner aan 'n spesifieke geskiedkundige gebeurtenis van besondere waarde.

So is die doel van ons volksmonumente ook denkbeeldige klipstapelings ter herinnering aan geskiedkundige gebeure.

Monumente ter nagedagtenis aan ons voorsate se geloofsdade kan in terme van die 5de gebod regverdig word

**Ex.20:12** Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

As ons dan ons geskiedenis in herinnering wil bring moet dit so gedoen word dat ons hemelse Vader ook daardeur geëer sal word.

Kom ons neem as voorbeeld die Voortrekkergeskiedenis. Die eerste wonderwerk wat ons in herinnering roep met 'n monument is die kliphoop by Vegkop, waar die Potgieter trek JaHWeH aangeroep het en Hy hulle wonderbaarlik uitgered het. Op die oog af lyk daardie monument onbesoedeld deur okkultiese simboliek.

Dieselfde kan egter nie gesê word van die Voortrekkermonument by Winburg nie. Argitektonies is daar niks opvallend wat mens aan okkultiese simboliek herinner nie, maar die simboliek van die monument wat op graniet gegraveer is, verklap die geheimenis. In die middel van die monument, op die vloer was daar 'n bronsplaat, wat om verstaanbare redes nie meer daar is nie, waarop die son op 12 uur skyn weens 'n ronde opening in die dak van die monument reg bokant die verwyderde bronsplaat. Die simboliek betreffende die son se aandeel word as volg beskryf:

*“Deur die opening van die waterbak val die lig van bo-op die bronsplaat in die binneruim, sinnebeeld van die goddelike lig”*

Hierdie lig van bo is fisies die son se lig en word versinnebeeld as goddelike lig. Hiermee gee hierdie argitektuur gestalte aan sonaanbidding.

Ek het nog nie daarop ingegaan wie vir hierdie ontwerp en bewoording verantwoordelik is nie, maar dit breek mens se hart as jy moet sien hoedat ons as volk se gelowige Voortrekker voorsate se Trek, wat een groot geloofsoffer was van die begin tot die end, deur sulke bedrog besoedel moet word. Die wyse waarop ons hulle vereer skrei ten hemele.

Dan meld die hoofskrif van die simboliek die volgende – Hierdie Monument is opgerig ter nagedagtenis van die Voortrekkers.

Hoe kan die son as goddelike lig met die God van die Voortrekkers in verband gebring word?

Hoe kan die lig van die son wat van bo af skyn die versinnebeelding van goddelike lig wees binne die Godsdienssin van die Voortrekkers. Hierdie Voortrekkers was nougesette Godsdiensvaste mense van Protestantse oortuiging.

Die son kan allermins ‘n sinnebeeld van die Almagtige God wees nie!

Die lig van die son het wel goddelike waarde vir die heidene; vir hulle wat volgens Deut.4:19-20 vir hul godsdien aangewese is op die aanbidding van die son maan en sterre:

**Deut 4:19-20**

19 dat jy ook jou oë nie na die hemel opslaan, en as jy die son sien en die maan en die sterre, die hele leër van die hemel, jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie — dinge wat die HERE jou God aan al die volke onder die hele hemel uitgedeel het.

20 Maar die HERE het julle geneem en julle uit die yster-smeltoond, uit Egipte, uitgelei om sy erfvolk te wees soos dit vandag is.

Hieruit is dit duidelik dat die mitologie toelaatbaar is vir die ander nasies, en as sodanig verordineer, maar dat Israel hul nie met die nasies mag vermeng nie en ook nie hul godsdien mag beoefen nie.

Binne hierdie konteks verwys die Winburg monument se goddelike lig direk na Lucifer – die god van die vrymesselaars.

Soos u seker van bewus is, bestaan geheime organisasies al vir baie eeue. Hul invloede mag nie onderskat word nie, en hul mag kan menslik gesproke nie gebreek word nie.

In ons volk se geval is die vrymesselaars al teenwoordig vandat die Nederlanders voet aan wal gesit het en het hulle die eerste losies hier begin en mense gewerf. Toe die Britte die Kaap beset het hulle hul losies begin vestig. Daar was redelik onenigheid tussen hierdie twee vrymesselaar bewegings. Die oorspronklik Nederlandse gedeelte van die bevolking was betrokke by die Nederlandse Vrymesselary en so die Britte in die Britse losies. Die Britse regeerstyl het die Nederlanders [Europeërs] nie aangestaan nie, wat spanning gebring het op die gebied van taal volksvoortbestaan op die Oosgrens en die latere Vryheidsoorloë teen Brittanje.

Teen 1955 was die gaping so groot dat die vrymesselary in die RSA op die ys geplaas is en is alle internasionale bande opgeskort. Die Boere tipe vrymesselaar moes geskors word omdat hulle nie die Opperwese [superior being] van vrymesselary wou aanbid en hul erkenning van Jesus uit hul seremonies verwyder nie. Hulle was dus nie op Internasionale standaard waar enige godsdiens welkom is, maar volgens bepaalde voorwaardes.

Vir die vrymesselary is hulle god bo die God van die Christen, wat hulle as Adonay identifiseer. Volgens W.P.D. de Waal, die outeur van: Tot hiertoe en nie verder nie; het Albert Pike, 'n lid van Blavatsky se *Theosophical Society*, by geleentheid heelwat oor Lucifer te sê gehad.

De Waal meld die volgende op bl.5-6 in sy boek:

“Die aanbedding van “Lucifer” in die topstrukture van die vrymesselary, ‘n kernorganisasie in die “New Age” beweging, is as volg beskryf deur Albert Pike, ‘n voormalige Amerikaanse Generaal, drie en dertigste graad vrymesselaar en hoof van die Vrymesselary in die Verenigde State van Amerika.

Sy “Instructions” aan die drie en twintig “Supreme Councils of the World” gedateer 14 Julie 1889 het gelui:

- “That which we must say to the crowd is: ‘We worship a God, but it is the God one adores without superstition.
- “To you, Sovereign Grand Instructors General, we say this, that you may repeat it to the Brethren of the 32<sup>nd</sup>, 31<sup>st</sup> and 30<sup>th</sup> degrees: ‘The Masonic religion should be, by all of us initiates of the high degrees, maintained in the purity of the Luciferian doctrine.
- “If Lucifer were not God, would Adonay – (the Christian God) whose deeds prove his cruelty, perfidy, and hatred of man, barbarism and repulsion for science, would Adonay and his priests calumniate him?
- “ Yes, Lucifer is God, and unfortunately Adonay is also God. For the eternal law is that there is no light without shade, no beauty without ugliness, no white without black, for the absolute can only exist as two Gods: darkness being necessary to light to serve as its foil as the pedestal is necessary to the statue, and the brake to the locomotive ...
- “The doctrine of Satanism is a heresy; and the true and pure philosophic religion is the belief in Lucifer, the equal of Adonay; but Lucifer, God of Light and God of Good, is struggling for humanity against Adonay, the God of darkness and evil” [Livesay “Understanding” pp 186, 187 wat aanhaal uit Griffin “Forth Reich” pp 70, 71 en aanhaal uit “Midnight Messenger”; Griffin “Forth Reich” haal aan uit Queensborough “Occult Theocracy” pp 220, 221; De la Rive “La Femme” p 588]

Lucifer word hiermee as die god van lig voorgelê vir die ingeligte hoër graad vrymesselaar.

Die gewone vrymesselaar van die laer grade weet hiervan niks af nie, en is ewe tuis in hierdie sogenaamde liefdadigheidsorganisasie.

Vir die gewone vrymesselaar is die God van die Christen die ware God, maar net die ingeligte vrymesselaars bely Lucifer as die god van lig en JaHWeH as die god van duisternis. Hulle mislei dus willens en wetens die lede in die laer grade.

De Waal gaan voort en skryf as volg:

Die “New Age” beweging se verbintenis met Satan is as volg verklaar deur Blavatsky, soos aangehaal deur Garrett:

Die eerste modern manifestasie van die beweging was die “Theosophical Society” wat in 1875 gestig is deur Helena Blavatski – die metgesel van Westcott en Hort.

Die verbintenis tussen die “Theosophical Society” en “Lucifer” is reeds duidelik geïllustreer met die afdruk van die voorblad van die “Lucifer Magazine” vroeër in hierdie boek. “H.P. Blavatsky” word daarop as ‘n redaktrise geïdentifiseer. Buiten die titel “Lucifer”, bevat dit ook die paragraaf:

“The Light-bearer is the Morning Star or Lucifer; and Lucifer is no profane or Satanic title. It is the Latin (Luciferus), the Light-bringer, the Morning Star, equivalent to the Greek (phosphorus) ... the name of the pure, pure herald of daylight”.

Blavatsky gaan voort en beskryf Satan ook as volg in haar boek *Holy Satan*. Daar staan: “that the father of the New Age is, as she puts it ‘Holy Father of evil, Sainted Satan.

Hiermee is die onteenseglike bewys gelewer dat Vrymesselary ‘n godsdiens is, wat Lucifer as die god van lig beskou - die gevalle môrester van Helena Blavatsky.

Christus het as volg getuig:

**Luk 10:18** Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos ‘n bliksem uit die hemel sien val.

Jesaja het ook hieroor getuig:

Jes.14:12-15

12 Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies!

13 En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.

14 Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

15 Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!

Die Winburg Voortrekker monument is nie die enigste monument waar die son die hoofrol speel nie.

Die Voortrekker monument in Pretoria se **fokuspunt is die son** wat op die 16de Desember op die simboliese graf van die Piet Retief, wat ook ‘n vrymesselaar was, skyn.

Waarom moet die son die hoogtepunt van die herdenking van die Voortrekker geskiedenis uitmaak, en daar naas die simboliese graf van ‘n vrymesselaar?

Gerhard Moerdyk, wat ook ‘n vrymesselaar was, was die argitek daarvan en het meer as genoeg vrymesselaars tekens daarin ingewef. Die behandeling van die tekens is ‘n lesing op sy eie.

Die Taalmonument se hoogtepunt is ook die son. Aan die westekant is daar openinge in die konstruksie wat hoog in die lug in toring. Soos wat die son sak skyn dit deur die openinge wat vanaf die binnekant die indruk skep dat dit Jakob se leer verteenwoordig, terwyl die hemel leer ‘n sentrale rol speel in die aanvanklike grade van vrymesselary.

Die Hugenote monument in Franshoek is net so besmet met okkultiese simboliek, veral die van die Katolieke kerk.

Waarom die Katolieke kerk prominensie verleen in 'n monument ter nagedagtenis van die Franse wat wreed deur die katolieke vermoor en vervolg is? Katolieke simbole wat okkulties van oorsprong is het maar niks met die standvastige Protestante te make nie. en hulle kan geensins daardeur vereer word nie.

Die Paardekraal monument asook die Vrouemonument herinner weer aan die antieke obelisk.

Die oorsprong van die obelisk of te wel klippilare dateer terug na die antieke godsdienste en is telkemale binne Israel van ouds se godsdienstige hoereering aangetref en afgebreek en verbrysel. Dit is volgens wet 'n verbode struktuur binne die aanbidding van die Almagtige God:

**2Kr 14:2-5**

2 En Asa het gedoen wat goed en reg was in die oë van die HERE sy God:

3 hy het die vreemde altare en die hoogtes verwyder en die klippilare stukkend gebreek en die heilige boomstamme omgekap

4 en aan Juda gesê om die HERE, die God van hulle vaders, te soek en om die wet en die gebod te doen.

5 Ook het hy uit al die stede van Juda die hoogtes en die sonpilare verwyder, en die koninkryk het gerus onder hom.

Hierdie heidense sonpilare en klippilare is volgens die heidense gebruike die obelisk.

Die obelisk is volgens Pike die meer aanvaarde weergawe en daarom die plaasvervanger van 'n manlike geslagsorgaan. Antieke Egipte het dit algemeen opgerig, vanwaar dit aanvanklik deur die Rooms Katolieke Kerk verkry is en na aan hul kerke opgerig is.

Die verskyning van kerktorings by Christen kerke vind volgens Eben Swart eers plaas vanaf die tyd van Konstantyn. Eben Swart het verskeie lesings hieroor aangebied.

In sy aanbiedings word die teenwoordigheid van tekens met okkultiese simboliek duidelik binne ons kerke en volksmonumente uitgewys.

Dit alles in ag genome is ons aan die okkulte verbind d.m.v. die wyse waarop ons ons voorsate vereer vir hul geloofsvastheid.

In der waarheid word hul geloof belaster met die verering van die songod en die vrugbaarheidsgod.

Soos Israel van ouds hul a.g.v. die Bileams leer laat verlei het en met die Moabiete vleeslik en godsdienstig gehoereer het, hoereer ons geestelik met die okkulte, en stel ons onself in terme van Op.2:14-16 bloot aan dieselfde vervolging toe 24000 Israeliëte deur die plaag gesterf het, soos opgeteken in Num 25:8.

Christus stel dit duidelik:

**Mat 6:24** Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!

Ons as volk gaan tans gebuk onder erge moorde, verkragting en plunderings, om maar die ergstes te noem.

Ons is werkloos en verarm en verneder in plakkerskampe.

Daar woed 'n plaag onder ons en ons het heel waarskynlik aandeel in die plaag weens ons sondige optrede, wat maar nog altyd gelei het tot 'n strafgerig vanaf die kant van JaHWeH.

Ons kom weereens voor 'n keuse te staan, en moet ons besluit wie ons wil dien JaHWeH of Lucifer?

Ek sluit my voorlopige verslag af in die woorde van Josua soos opgeteken in hoofstuk 24 verse 14 en 15:

Jos 24:14 Vrees dan nou die HERE en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien die HERE.

Jos 24:15 Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.

Ek dank u

Flip Swanepoel